

PJ Kriel

01.06.2014

1. Lied 199: 1,2,3

Evangelielezing en genadetoeseegging: Efesiërs 2:

“³So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. ⁴Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. ⁵Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! ⁶Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee, ⁷sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. ⁸Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. ⁹Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. ¹⁰Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”

Die Here het ons bevry van die mag van ons sondige natuur: om God en mense afhanklik te maak van ons luste en sommer al die mags- en waanbeelde wat in ons gedagtes opkom. Hy het as magsdaad ons ingesluit in alles wat Christus as mens vandag is, sodat ons ’n plek in die hemel het: versoen met God en deel van God se liefde!

Nou kan ons ons wy aan die goeie dade waarvoor God ons bestem het, omdat elke daad van liefde en toewyding uit ons geloof, in ons vereniging met Christus vir God heilig en reg is.

Ons leef nou aangewese op God se liefde, vry van ons magsdrif en magsbeelde. Kom ons glo die evangelie met Lied 506.

2. Lied 506: 1,2,3

Nuwe wet: Efesiërs 5: 6 – 20

“⁶Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. ⁷Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie. ⁸Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. ⁹Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is. ¹⁰Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is, ¹¹en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak. ¹²Dit is ’n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen. ¹³Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val. ¹⁴En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied: “Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig.” ¹⁵Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. ¹⁶Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in ’n

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

goddelose tyd. ¹⁷Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.

¹⁸Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, ¹⁹en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. ²⁰Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.”

Oproep tot geloofsgehoorsaamheid:

Ons leef nie meer in die gemak dat ons drifte en denkbeelde God se lus en wens vir ons sou wees nie. Ons leef gebind aan sy liefde, en aangewese op sy liefde, soek ons na die liefde van sy wet. Daarom is die kenmerk van geloofsgehoorsaamheid versigtigheid: die versigtigheid om nie my eie waanbeelde en gemoedsaandoeninge as God se drome en God se wil te glo nie, maar die versigtigheid om te kan onderskei tussen my eie sondige wil om God en mens afhanklik van my drifte te maak, en sy wil as Skepper vir my in sy wet.

Omdat Hy ons vasbind in sy liefde, is ons daarop aangewese, en uit hierdie aangewesenheid op sy liefde, vra ons altyd na die wysheid van die wet wat ons die werklike bedoeling van liefde leer. Kom ons vra die Here vir hierdie leiding en wysheid in sy wet met Lied 523.

3. Lied 523: 1,2,4

Skriflesing: Galasiërs 2,3,4 & 5:

2 *“¹⁹Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, ²⁰en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”*

3 *“²⁶Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, ²⁷want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. ²⁸Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. ²⁹En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.”*

4 *“⁴Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe ⁵om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. ⁶En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: “Abba!” Dit beteken: Vader! ⁷Jy is dus nie meer ’n slaaf nie; jy is nou ’n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.*

²¹Julle wat so graag aan die wet van Moses onderworpe wil wees, sê vir my: Hoor julle nie wat die wet sê nie? ²²Daar staan tog geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een by ’n slavin en een by ’n vrygeborene. ²³Sy seun by die slavin is volgens die loop van die natuur verwek en gebore, maar sy seun by die vrygeborene kragtens ’n belofte van God. ⁴’n Mens

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

*moet dit figuurlik verstaan. Die twee vroue staan vir twee verbonde. Die een is by Sinaiberg gesluit en bring slawe voort. Dié verbond is Hagar. ²⁵Hagar staan vir Sinaiberg in Arabië, en dit is 'n beeld van die huidige Jerusalem, want Jerusalem en sy kinders is slawe. ²⁶Maar die hemelse Jerusalem is vry, en dit is ons moeder. ... ²⁸En julle, my broers, is net soos Isak kragtens die belofte kinders van God. ²⁹Destyds het die seun wat volgens die loop van die natuur gebore is, die seun vervolg wat deur die Gees in die wêreld gekom het. En dit is nou nog so. ³⁰Maar wat sê die Skrif hiervan? "Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrygeborene erf nie." ³¹Ons is dus nie kinders van 'n slavin nie, broers; ons is kinders van die vrye. **5** Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie. ... ⁶In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan. ... ¹³Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. ¹⁴Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." ¹⁵Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie. ¹⁶Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. ¹⁷Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. ¹⁸Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. ¹⁹Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, ²⁰afgodsdien, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, ²¹afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. ²²Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. ²⁴Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. ²⁵Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. ²⁶Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie."*

4. Lied 289: 1&2

Doop: Cara Alta Whitworth

5. Lied 532:1,2,3

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

PJ Kriel

01.06.2014

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen afhanklik wees van God en mekaar en op God en mekaar se liefde aangewese wees. Die vrugte van die Gees in Galasiërs 5 is die deugde wat God in ons skep deur ons in te sluit en op sy liefde aangewese te maak. Dit is nie die insikliklike ondergeskiktheid aan God se krag en mag nie. Mense ken mekaar volgens hulle begeertes en wil mekaar afhanklik maak van mekaar se begeertes. Dit gee hulle die vryheid om nie op mekaar se liefde aangewese te wees nie, omdat hulle nie deur liefde tot mekaar verbind wil wees nie. Christus het ons nie aan God se begeertes kom onderwerp nie, maar ingesluit en op sy liefde aangewese gemaak. Daarom leef ons ook met die innerlike deugdes om op mekaar se liefde aangewese te wees, sonder enige gedienstigheid, insiklikheid en onderworpenheid aan mekaar se sondige begeertes.

Teksters Gal. 2: *“Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”*

Tema: Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde,
nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

1. Daar is 'n groot verskil tussen om afhanklik te wees van 'n mens en om aangewese te wees op 'n mens.

Dit is presies die verskil tussen die sondige natuur van die mens wat Paulus in Gal. 5 vers 17 stel, teenoor ons vereniging met Christus in Gal. 3 vers 26.

Paulus noem afhanklikheid van God en mense 'n slawejuk, en ons vereniging met Christus noem hy vryheid.

2. Daarom gaan die verskil tussen die sake wat Paulus noem die werke of praktyke van die sondige natuur, en die vrugte van die Gees, nie oor die verskil tussen mense wat lelike gesindhede het, teenoor mense wat mooi gesindhede het nie.

Dit gaan oor die verskil tussen mense afhanklik is van mekaar, in mekaar begeer en met mekaar doen, teenoor mense wat met Christus verenig is, se liefde en diens vir mekaar waarop hulle op mekaar voor aangewese is.

Dit is die werklike verskil wat die onderskeid maak tussen die werke of praktyke van die sondige natuur, en die vrug van die Gees tussen mense – die verskil in hoe mense tot mekaar verbind is!

Is die verbintenis afhanklikheid, of is die verbintenis aangewesenheid op mekaar?

3. Kom ons neem die praktyk van ongetroud saambly as voorbeeld om hierdie verskil van verbintenis tot mekaar as die werklike saak waaroor dit gaan, raak te sien.

U mag nie vanoggend hierdie voorbeeld verkeerd hoor, so asof die dominee nou 'n aksie loods teen ongetroud saambly, en eintlik vanoggend met hierdie agenda teen

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

spesifieke mense preek nie. U moet die voorbeeld hoor as 'n voorbeeld wat 'n geloofsprobleem, en die geloofswerklikheid van alle mense, aan die orde stel.

Hoekom kies mense om eerder ongetroud saam te bly, as om in die huwelik verbind te word?

Feitlik deurgaans word dieselfde rede aangevoer:

As hulle net ongetroud saambly, dan is dit hoe hulle teenoor mekaar optree: ²²*“liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing.”*

Maar wanneer jy trou, dan verander die man en vrou se houding, en dan tree hulle só teenoor mekaar op: met *“onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, ²⁰vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, ²¹afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge.”*

Die rede vir ongetroud saambly is dan: ongetroud saambly maak dat ons in liefde optree, maar die huwelik sal maak dat ons met ons sondige natuur teenoor mekaar optree!

4. Die ironie van hierdie standpunt is dat dit op 'n bepaalde wyse werklik die waarheid van die lewe is.

Wat beteken dit om ongetroud saam te bly?

Dit beteken dat daar geen band is wat man en vrou onlosmaaklik aan mekaar verbind nie. Nou wat bind hulle dan saam? En die antwoord is – mekaar se begeertes! Solank hulle van mekaar se begeertes afhanklik is, en wonder wanneer hierdie versugtinge 'n werklikheid gaan word in hulle weerhouding van een toekoms en een lewe – so lank tree hulle vriendelik en goed teenoor mekaar op, maar sodra hulle op mekaar se liefde aangewese moet wees as 'n blywende verbintenis, een lewe en een toekoms, een inkomste en een tuiste, 'n onlosmaaklike verbintenis, dan sal hulle met hulle tipiese sondige houding teenoor mekaar optree.

5. Kan u die ironie hoor?

Solank ons van mekaar se begeertes afhanklik is en net mekaar se begeertes vervul, dan is ons goed vir mekaar, maar as ons op mekaar se liefde aangewese moet wees as permanente band, as finale band, dan sal ons mekaar verrinnweer en verskeur.

Ongetroud saambly is 'n openlike verklaring van afhanklikheid van mekaar se begeertes as beter en inniger as die aangewesenheid op mekaar in liefde en op mekaar se liefde as blywende verbintenis.

Dit is 'n mosie van wantroue in die karakter van liefde! Liefde as blywende verbintenis is die bron van alle verkeerde gedrag teenoor mekaar!

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

6. Met hierdie voorbeeld hoor u die mens se basiese wantroue in naasteliefde en die mens se vertroue in afhanklike verhoudings – waar mense van mekaar afhanklik is, is hulle vriendelik en goed vir en met mekaar! Waar mense op mekaar se liefde aangewese is, verniel en verskeur hulle mekaar.

Dit is die basiese probleem wat Paulus ook inderdaad aanspreek met sy oproep: *“Moet net nie julle vryheid misbruik as ’n verskoning om sonde te doen nie ...¹⁵ Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.”*

7. Die grootste fout wat ’n mens met die evangelie kan maak, is om vir mense te stel dat hulle ander mense se liefde moet leer vertrou, en nie so wantrouig van mense se liefde moet wees nie. So asof Jesus dan vir ons sou kom wys het hoe om ware liefde te gee en te ontvang, en dat ons net moet leer om dit soos Hy te doen!

Die Here het nie gekom om ons te leer om ander mense se liefde te vertrou nie, Hy het ons met ’n ander band kom vasbind as afhanklikheid van God.

8. Hierdie nuwe verbintenis noem Hy *“in die doop is ons met Christus verenig.”*

Verenig met Christus in wat Hy as mens in die hemel is, terwyl die Here met ons verenig is in die sonde wat ons op aarde is. ’n Vereniging waarin ons deel in alles wat die Here as mens is, en die Here alles deel wat ons in ons sondigheid as mens is.

Hierdie deelwees van mekaar is en kan nie afhanklikheid van mekaar se begeertes wees nie. Dit is net presies die teenoorgestelde as begeertes of afhanklikheid van mekaar se begeertes.

Dit wat die Here met ons deel is nie begeertes nie, maar liefde. Hy is volkome in sy liefde vir God volgens die wet. Hy is reg in sy liefde vir God volgens die wet. Die inhoud van die wet van God is nie menslike begeertes nie: aanvaarding van gesag, getrouheid in eg, ywerig in arbeid, respek vir lewe, egtheid in die waarheid en vergenoegdheid met die lewe.

Dit is wat Hy met ons deel: die bedoeling van liefde.

En dit wat Hy met ons deel, is juis ons verwerping van gesag, ons ontrouheid in eg, ons weersin in arbeid, ons valsheid in die waarheid, ons minagting vir lewe en ons onvergenoegdheid met alles, op so wyse dat Hy God se oordeel, straf en verwerping vir ons omdat ons so is, vir ewig van ons weggeneem het.

9. Wat is hierdie band: ‘verenig in Christus’?

Dit is niks anders nie as ’n vaste en onverbreekbare verbintenis in die liefde van Christus, op so wyse dat my eie liefde hierin en hierdeur vir God volkome en reg is.

Maak dit ons afhanklik van Christus?

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

Maak dit dat Hy enige begeertes van ons deur hierdie verbintenis in en met mekaar kan bevredig? Want dit beteken dat ons óf Hom aan ons begeerte moet onderwerp, óf Hy ons aan een of ander begeerte wat Hy in en deur ons wil uitleef, moet onderwerp! Dit beteken dat ons onself en ons lewe aan die lewe van Christus moet ondergeskik stel, en sy lewe en wil gediensdig moet wees.

Niks nie, geen begeerte, geen onderwerping aan Hom of enige begeerte van Hom nie. Niks nie. Geen ondergeskiktheid aan God en geen gediensdigheid aan God nie. Nooit nie.

10. Hierin moet u die onderskeid kan herken en raaksien tussen afhanklikheid en aangewesenheid!

Paulus wys op hierdie verskil met die voorbeeld van die verskil tussen kinders en slawe. In ons vereniging met Christus is ons kinders van God, wat uitroep: “Vader”! Ons is nie slawe wat sê: “Ja, baas!” nie!

Ons mag nie hierdie beeld misverstaan asof dit gaan oor innigheid nie. Die gediensdigheid en onderworpenheid waarmee arbeiders “Ja, baas” sê, is nie minder innig as wat kinders “Ja, Pa” sê nie. Die verskil gaan oor afhanklikheid van mag, teenoor die aangewesenheid op liefde.

’n Arbeider is altyd afhanklik van die magsuitoefening van sy werkgewer. Van sy werkgewer wat hom met die mag van ’n werkgewer laat geld. Hy wys dit in hierdie oorgawe: “Ja, baas”.

’n Kind is nooit afhanklik van die mag van sy ouer nie. Hy word nooit ’n ondergeskikte aan die mag van sy ouers nie. Hy moet homself nooit oorgee en onderwerp aan die mag van sy ouers nie. Waar hy dit doen, onteer hy sy ouers! ’n Kind kan ’n ouer nie dieper onteer as met hierdie woorde nie: “Ja, baas.”

Hy mag en moet net aangewese wees op die liefde waarmee hy as kind bekleed word en die totaal ander tipe liefde wat hom kind laat wees! Aangewese omdat hy hierdie liefde kan aanvaar, dit kan vertrou en sy lewe daarop kan bou en daardeur laat rig. Aangewese omdat hierdie liefde hom laat wees wat hy is: kind! Aangewese omdat hierdie liefde homself vervolmaak teenoor sy ouers en dit word verwoord in die woord “vader”.

11. Kan u enige vorm van afhanklikheid, onderwerping of ondergeskiktheid hoor in hierdie belydenis van Paulus: *“Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”*

In hierdie liefde leef ek, in hierdie liefde is ek wat ek bedoel is om te wees, in hierdie liefde wil ek altyd bly, in hierdie liefde wil ek God eer met die liefde wat God as Skepper toekom: Abba Vader!

Hierdie is die lewe in die geloof en uit die geloof in die liefde van God, uit die vereniging met Christus: verbind in liefde tot liefde!

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

12. Hoe klink 'n arbeidersverhouding met God?

Dit is 'n verhouding van afhanklikheid en begeerte.

Ons hoor dit vandag aanmekaar in ons eie kerk, op die volgende wyse: God begeer 'n verhouding met jou! God begeer om sy lewe in jou te kom lewe! God begeer om sy krag in jou 'n werklikheid te maak, sodat Hy sy krag deur jou kan uitlewe! God begeer om in jou persoon en lewe, homself as God vir die wêreld sigbaar te maak!

God in sy volle afhanklikheid, wagtend in sy begeertes op die mens!

Vir wat?

Dat jy jou aan hierdie begeertes van God moet onderwerp: jy moet jou lewe vir God prysgee, jy moet jou aan God se begeertes oorgee, jou moet jou aan God se krag onderwerp, jy moet jou aan God se vertoon ondergeskik stel; en as jy dit doen, sal God Homself en sy krag en mag weer aan jou begeertes onderwerp: Hy sal met sy krag, mag en wil, jou gelukkig maak, jou gesond hou, jou nooit in die moeilikheid laat kom nie, jou altyd die sin van die lewe laat ervaar en jou altyd 'n kragtige mens laat wees.

13. En dit is die werklike rede vir afhanklike verhoudings tussen mense! Hulle afhanklike verhouding met God!

As hulle en God mekaar se begeertes in en deur mekaar bevredig, wat anders moet tussen hulle en ander mense gebeur, as die bevrediging van begeertes?

Dink weer aan die voorbeeld: hoe verskil arbeiders se verhouding met hulle werkgewer van kinders se verhouding met hulle ouer? Wie leef regtig in hierdie innerlike deugde met 'n werkgewer: *“liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing”*?

Wie is die meeste vriendelik teenoor werkgewers: hulle arbeiders of hulle kinders?
Wie is die mees nederig teenoor werkgewers: hulle arbeiders of hulle kinders?
Wie is die mees selfbeheers en geduldig: arbeiders of kinders?

En dit is wat ons so verskriklik deurmekaar maak met God: natuurlik is dit die arbeiders, nie die kinders nie! So klink dit in ons eie sondige gemoed.

14. Maar hoe gaan hierdie arbeider teenoor jou as werkgewer optree as hy glad nie meer afhanklik van jou geld en mag is nie?

Gaan hy nog vriendelik doen wat jy sê? Geduldig aanhou werk vir jou? Selfbeheersd jou wil uitvoer? Nederig aanvaar dat jy wys en hy moet doen? Geen afhanklikheid! Geen liefdevolheid!

Hoe verskil dit met 'n kind: geen afhanklike verhouding nie, maar lewe in *“liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing”* teenoor hulle in wie se liefde ek kind is en kind bly! Kan u nou weer

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

die inhoud van Paulus se geloofverklaring hoor: *“Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”*

Ek is verbind tot die liefde omdat ek leef in die vrug van die Gees: God het my uit ’n afhanklike verhouding met God losgemaak en op sy liefde as Skepper aangewese gemaak! Nie meer: “Ja Baas” nie, maar “Ja, Vader”.

Hy het my met Homself as mens verenig in ’n onbreekbare, vaste verbintenis waarin Hy my liefde heilig en regverdig sodat ek, ten spyte van al my sonde, God mag en kan liefhê in die wete dat ek op sy liefde aangewese is.

15. Die Here vra ons nie om die liefde van mense te vertrou nie, so asof hulle ons nie in afhanklike verhoudings wil inlei en vasmaak nie.

Dit is juis die teendeel. Mense wil ons elke dag verbind tot afhanklike verhoudings waarin ons hulle begeertes moet bevredig, met die belofte dat hulle ons begeertes sal bevredig, en hierdie afhanklike verhoudings word juis bedryf met die styl van *‘liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing.’*

Want solank as wat jy aan mense se begeertes onderworpe is, is hulle werklik só gemoedelik!

16. Die Here skep in ons totaal iets anders: die vryheid om lief te hê en ’n mens te wees op wie se liefde ander aangewese mag wees, sonder afhanklikheid! Sonder oorgawe, sonder onderwerping, sonder gediensdigheid en ondergeskiktheid aan enige begeerte.

En dit doen Hy deur die vaste en blywende vereniging waarin ons hierdie tipe liefde in Christus, elke dag ken en van deel is.

En dit beteken dat die Here ons met die innerlike deugde toerus in hierdie vrye liefde, vry van afhanklikheid van begeertes, om in en tussen die begeertes van ander, in hierdie verbintenis tot liefde te bly met hierdie deugde: *“liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing”*

17. Kom ons gebruik weer die voorbeeld van ongetroud saambly!

Is hierdie gesindhede bedoel vir man en vrou wat aan mekaar se begeertes onderworpe is, afhanklik bly van mekaar se welwillendheid, en ondergeskik steeds te wag op die ander se besluit of hierdie verhouding in vertroue ’n huwelik sal wees:

“liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing”?

Of is dit die deugde waarmee man en vrou mekaar in die vaste verbintenis van die huwelik dien?

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

Wie uit 'n afhanklikheidsverhouding met God leef, kan en sal nooit die krag ken van die vereniging met Christus nie: 'n vereniging wat ons in en uit die liefde van God laat leef, al is ons sondaars en bly ons liefde gebroke: aangewese op God se liefde, kan mense aangewese wees op 'n naasteliefde wat geen afhanklikheid aan begeertes skep nie.

Wie aangewese op God se liefde leef in sy vereniging met Christus, ontdek en herken die verskil tussen verhoudings met mense wat afhanklikheidsverhoudings is, en die wat 'n verbintenis tot naastediens en naasteliefde is: aangewese as mense op mekaar se liefde.

Liefde wat as liefde gegee en as liefde ontvang word, in die vryheid dat ons nie mekaar onderwerp aan mekaar se begeertes, of afhanklik is van mekaar se begeertes nie.

18. Ken ons enigsins nog die verskil en kan ons nog enigsins die verskil hoor: geen afhanklikheid van begeertes nie, net aangewese op liefde?

Ken ons nog enigsins hierdie vryheid as ons eie, of as die vryheid wat ons vir ander skep: geen afhanklikheid van begeertes nie, net aangewese op liefde?

Ken ons nog hierdie vryheid in onself dat ons dit in onself kan herken: dit is totaal iets anders om aangewese te wees op mekaar as mense in en uit liefde, as om van mekaar in menslike begeertes afhanklik te wees?

Wanneer hierdie onderskeid in ons vaag word en later heeltemal verdwyn, dan moet ons weer terug gaan na ons verbintenis met God!

Leef jy ondergeskik, onderworpe en oorgegee aan God se magsdrome, sy begeerte om ten volle God te wees in en deur jou, of leef jy in die geloof in jou vereniging met die Here:

“Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”

19. Ons doop vanoggend vir Cara Whitworth.

Die vraag is of ons haar doop as vrygebore en kind van vrygeborenes, kind van God kragtens die beloftes van God, of doop ons haar as slaaf, kind onderworpe aan God se mag en wat haar onderworpenheid sal moet bewys?

Ons doop Cara omdat sy in Christus ingesluit en met Christus verenig is, nie omdat sy aan God se mag onderworpe is nie. Christus deel met haar alles wat Hy as mens in die hemel is, en alles wat sy as mens op aarde is en sal wees, deel en sal die Here met haar deel. Daarom is sy verbind tot God se liefde en 'n lewe binne God se liefde. Sy kan nie en mag haar nie verbeel of inleef in 'n afhanklikheid van God, asof God enige begeertes sou hê nie, nog minder aan haar eie sondige begeertes.

Christus maak ons mense wat aangewese is op sy liefde, nie afhanklik van God se magsbegeertes en magsdrome nie.

Wat vra ons van mekaar as gelowiges as ons vra dat ons ons kinders in die geloof sal grootmaak?

Ontvang julle kinders van die Here as kinders wat aangewese is op die liefde van God, waarin hulle ingesluit is en deel. Julle mag nooit julle kinders sien as kinders wat afhanklik is of moet raak, aan die mag van God nie.

Laat julle kinders daarom ook op julle liefde aangewese wees en moet nooit julle kinders grootmaak in 'n afhanklike verhouding teenoor julle – gedienstig en oorgegee aan julle begeertes in en deur die kinders – nie!

Leef met Cara uit en in julle geloof: *“Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”*